

16 Januarie

Skrifgedeelte: Eksodus 33:12-23

Fokusgedeelte: Eksodus 33:20

Jy kan God net “van agter” sien

Miskien het Moses gedink dat dit hom in die geloof sal versterk as hy die Here kan sien. Of miskien wou hy maar net meer te wete kom oor die God wat op so 'n besondere wyse met hom en met sy volk bemoedienis gemaak het. Hoe dit ook al sy, nadat God hom in vers 17 van sy goedgesindheid verseker het, het hy die moed bymekaar geskraap om te vra: “Laat ek tog net u magtige verskyning sien!” Maar dit is nie vir 'n mens moontlik om God te sien nie. Daar staan in 1 Timoteus 6:16 dat God in ontoeganklike lig woon en dat geen mens Hom gesien het of Hom kan sien nie. En vir Moses het God gesê: “Vir My kan jy nie sien nie, want geen mens kan My sien en bly lewe nie.” Immers, 'n sondige mens, 'n mens wat van nature geneig is om God en sy naaste te haat, kan nie eers vir 'n oomblik voor God wat heilig is, wat 'n verterende vuur oor die sonde is, bestaan nie.

Tog was die saak nie daarmee afgehandel nie. God het dit in sy genade vir Moses moontlik gemaak om Hom “van agter” te sien. Met ander woorde, dit was 'n beperkte sien, 'n sien met grense. Moses kon God nie in sy volheid sien nie, maar hy het tog iets van God se heerlikheid gesien – soveel as wat God vir hom nodig geag het om te sien.

Soms praat mense oor God en van God asof Hy vir hulle soos 'n oop boek is, asof hulle Hom van aangesig tot aangesig gesien het. Hulle het al die antwoorde. Hulle analiseer en verklaar. Niks is verborge nie. Hierdie gedeelte maak dit egter duidelik dat die mens sy plek moet ken. Jy moet nederig wees. Jy kan God net “van agter” sien.

Tog sien ons alles wat ons nodig het om te sien. Want ons sien Jesus Christus wat gesê het: “Wie My sien, sien die Vader” (Joh 14:9). Ons sien Hom in sy genade. Ons sien Hom in sy groot liefde. Ons sien Hom aan die kruis van Golgota waar Hy gesterf het vir mense wat nie voor God kan lewe nie.

Sing: Skrifberyming 12-3:1, 2

Ds CJH Breed (Secunda)